Die redakteur skryf

Jou losprys is betaal

In die bose tyd van geweld en misdaad waarin ons leef is dit nie meer snaaks om van die een of ander gyselaarsdrama iewers in die wêreld te hoor nie. Vir die vrylating van die gyselaars word daar miljoene Rand/Dollar/Ponde as losprys geëis. Sommige gyselaarpogings eindig met die dood van gyselaars en misdadigers.

Weet jy dat jy ook deel was van só 'n gyselaarsdrama? Is jy verras? Sekerlik geskok!? Dis waar! Jy was nie 'n politieke gyselaar nie, maar jy was wel 'n gyselaar van die ergste mag wat daar is. In jou voorouers, Adam en Eva, deel jy in die gyselaarsdrama wat in die paradys plaasgevind het. Satan het vir Adam en Eva gyselaars geneem, omdat hy in God se plek wou koning word, en die burgers van God se koninkryk wil bestem vir die ewige dood. 'n *Losprys* is al wat hulle kon red.

- Mense hét al 'n losprys vir 'n gyselaar betaal, maar nogtans is die ongelukkige gyselaar vermoor.
- Jy kan van vreugde jubel dat die losprys wat God die Vader vir jou betaal het, suksesvol was (1 Tim 2:6; Matt 16:26).
- Christus het jou losgekoop uit die gyselaarsmag van Satan en die ewige dood (Gal 3:13).

Die Griekse woord vir "loskoop" beteken om te verlos as die losprys betaal is. Die woord impliseer dat jy hulpeloos vasgevang was in die boeie van die rampokkers, wat 'n losprys vir jou vrylating geëis het. Jy kan slegs vrykom deur die ingryp van 'n derde party. Jy was 'n slagoffer in die hande van Satan en jy kon niks daaraan doen nie. Jesus Christus het egter die mag en vermoë gehad om jou losprys te betaal. Satan probeer daagliks weer en weer om jou opnuut as gyselaar te vang, maar sy krag is gebreek. *"Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees"* (Joh 8:36).

Jy moet nou soos 'n vry mens lewe. As gyselaar het jy die poorte van die ewige dood reeds voor jou sien oopgaan. Maar Christus het jou uit die kake van die ewige dood gered toe Hy met sy bloed die losprys betaal het en jou só vrygekoop het. Daarom moet jou lewe oorloop van dankbaarheid vir die verlossing. Dít is elke Christen se dure plig! As jy in 'n aardse gyselaarsdrama was en iemand het jou van 'n gewisse dood gered, sal jy sekerlik nie ophou om jou dank te bewys nie. Hoeveel te meer is jy dit aan God verskuldig!